**Kommunikasie en Media Koördineerder**
**12 Maande kontrak – 5/8ste pos**

**Hatfield, Pretoria**

Die Algemene Sinode van die NG Kerk is op soek na ’n dinamiese en kreatiewe **Kommunikasie en Media Koördineerder** om by ons span aan te sluit. Die suksesvolle kandidaat sal ’n sleutelrol speel in die ontwikkeling, implementering en instandhouding van ‘n kommunikasie- en media-strategie.

**Sleutelverantwoordelikhede:**

- Ontwikkeling, implementering en instandhouding van ’n kommunikasiestrategie in samewerking met die Algemene Sekretaris
- Skep, beplan en publiseer relevante, kreatiewe en doelgerigte inhoud vir verskeie media platforms
- Instandhouding en opdatering van die organisasie se webtuiste
- Samewerking met interne rolspelers om konsekwente en effektiewe kommunikasie te bevorder en te verseker

**Persoonsvereistes:**

- Matriek met relevante kwalifikasie/kortkursusse (kommunikasiekunde, bemarking, joernalistiek, multimedia studies, ens.) en/of bewese ervaring.
- Bestuurservaring as kommunikasiekundige sal in die aansoeker se guns tel.
- Goeie verstaan van en/of ervaring in kerklike omgewing en konteks.
- Sterk skryf- en kommunikasievaardighede in Afrikaans & Engels.
- Basiese kennis van webtuiste-instandhouding en inhoudbestuurstelsels (bv. WordPress)
- Basiese grafiese ontwerp en of video-redigering vermoëns (bv. Adobe, Canva)
- Kreatiewe denke, goeie tydsbestuur en aandag aan detail
- Vermoë om met groot spanne te kan saamwerk – met ‘n begrip van sisteme.
- Vermoë om selfstandig te werk

**Vergoeding:**

n Mededingende vergoedingspakket binne die kerklike / nie-winsgewende sektor; onderhandelbaar – ervaring sal in ag geneem word.

**Kantoorure:**
Die pos vereis kantoorpligtigheid en werksure word op ‘n fleksie-basis onderhandel.

Belangstellendes kan hul CV & portfolio met voorbeelde van kommunikasie-uitsette of mediawerk en ’n kort motiveringsbrief stuur na dewyku@ngkerk.org.za . Sluit twee referente in.

Aansoeke sluit op 24 April 2026 om 13:00.  Diensaanvaarding so spoedig moontlik.